Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 27: *Tazria* (תזריע): Swanger word

Verder het יהוה met Moshe gepraat en gesê: "Praat met die kinders van Yisra'el en sê: 'As 'n vrou swanger word en geboorte gee aan 'n seun, sal sy sewe dae lank onrein wees; soos in die dae van haar menstruasie, sal sy onrein wees. Lev. 12:1 en 2 – PWL[1]

Torah: Lev. 12:1 tot 13:59

- Melaatsheid Volgens Torah
- Rein en Heilig (Afgesonder)
- Wie Mag Staan in YHVH se Heiligdom?

Haftorah: 2 Kon. 4:42 tot 5:19 – Wees nederig voor YHVH

Hernieude Verbond: Matth. 8:1 tot 4; Matth. 11:2 tot 6; Mark. 1:40 tot 45; Luk. 2:22 tot 24; Luk. 5:12 tot 16; Luk. 7:18 tot 23.

To be kind is more important than to be right. Many times, what people need is not a brilliant mind that speaks, but a special heart that listens.

As die Gees nie vir ons die lig aansteek nie, bly dit 'n kandelaar sonder olie en lig, onaangesteek, steeds donker!! Ina van Niekerk.

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

Happiness keeps You Sweet, Trials keep You Strong, Sorrows keep You Human, Failures keeps You Humble, Success keeps You Glowing, But Only YHVH keeps You Going!

Suiwer goud is nie bang vir vuur nie. YHVH is ook 'n verterende vuur. Hy sal alle 'onsuiwerhede' weg brand of Hy sal jou uiteindelik dood brand. Die keuse is joune! 'n Keuse tussen lewe of dood!

Midrash (Torah Bespreking)

Melaatsheid Volgens Torah

In beide hierdie week se parashah *Tazria* en volgende week se parashah *Metzora* word YHVH se onderrig en instruksies oor melaatsheid bespreek. Ten einde hierdie onderrig en instruksies te verstaan en prakties in ons lewe as geregverdigdes in Yeshua toe te kan pas, moet ons die verskil verstaan tussen melaatsheid volgens die Skrifte en dit wat hedendaags as melaatsheid beskou word. Vir dié doel sal hierdie verskille kortliks as agtergrond tot beter insae in beide parashot bespreek word.

Eerstens moet ons onthou dat siekte 'n voortdurende herinnering is aan hoe dinge verander het sedert die sondeval van die mens. Toe YHVH alles geskape het, het Hy gesê: *Dit was baie goed* (Gen. 1:31). Die sondeval was egter die begin van verval, verrotting (korrupsie) en dood. Siekte is 'n herinnering aan sonde en die gevolge van sonde.

Een van die oudste en bekendste aftakelende siekte toestande is melaatsheid wat deur 'n bakteriese infeksie (*Mycobacterium leprae* en *Mycobacterium Lepromatosis*) veroorsaak word. Hierdie organismes behoort aan dieselfde genus wat tuberkulose veroorsaak, naamlik *Mycobacterium tuberculosis*.

In Torah is melaatsheid (*tsara'at*) egter 'n oertipe van alle siekte toestande. Dit simboliseer ook die sonde-toestand van progressiewe verrotting (aftakeling) en uidendelik die dood. Melaatsheid soos in Torah beskryf word, moet daarom beide fisies en geestelik gesien word. Daarom word *tsara'at* uitgesonder as die toestand van onreinheid – fisies en geestelik. In YHVH se ewige Heiligdom (Afgesonderde) is daar geen siekte, verrotting of dood nie. Daarom word dit ook nie in YHVH se aardse tabernakel (Heiligdom) toegelaat nie. In die huidige dispensasie wat ons leef is ons as individue, asook korporatief, daardie Heiligdom (tempel). Ons kan dus slegs in YHVH se Teenwoordigheid staan indien ons rein ('onbesmet') en heilig (afgesonder) is. Sonde veroorsaak geestelike melaatsheid wat die mens onrein maak! 'n Persoon wat op die wyse 'geïnfekteer' (besmet) is kan nie in YHVH se Teenwoordigheid kom nie!

Die hedendaagse definisie van melaatsheid (ook bekend as Hansens-siekte volgens die navorsing deur Gerhard Henrik Armauer Hansen in 1873) verskil egter van die definisie wat as melaatsheid (*tsara'at*) in die Skrifte vertaal word, hoewel daar wel 'n groot mate van ooreenkoms is en daar baie geestelike lesse uit beide hierdie siekte-toestande geleer kan word. Melaatsheid was vir baie eeue beskou as 'n vloek van God wat sonde verwant is. Soos sonde veroorsaak melaatsheid 'n stadige verval tot die dood uiteindelik intree en dan hoofsaaklik weens sekondêre infeksies.

Die term melaatsheid, en verwante woorde, kom sowat 68 keer in die Skrifte voor – sowat 55 keer in die ou verbond (Hebreeus: *tsara'at*) en 13 keer in die hernieude verbond (Grieks: *lepros; lepra*). Die man met die verdorde hand (Mark. 3:5; Matt. 12:13 en Luk. 6:10) het waarskynlik tuberkuleuse melaatsheid gehad. In die Skrifte, en spesifiek in die ou verbond, het *tsara'at* 'n verskeidenheid van velsiektes ingesluit, asook skimmelgroei (fungi-besmetting) op klere, leer en mure van wonings. In die Griekse vertaling van die ou verbond (die Septuagint) word *tsara'at* met *aphe lepras* vertaal wat *'n veltoestand wat oor die liggaam versprei* impliseer. Dit dien as bevestiging dat melaatsheid waarna in Torah verwys word en die hedendaagse melaatsheid nie dieselfde is nie. Hierdie is belangrike inligting wanneer ons parashot *Tazria* en *Metzorah* bestudeer (*midrash*).

Volgens sommige kundiges verwys *tsara'at* ook na skimmelinfeksie (swam, fungi). Die ontdekking van 'n baie toksiese skimmel (*Stachybotrys chartarum*) wat geboue besmet en inwoners kan infekteer (inaseming van spore produseer 'n mikotoksien) en presenteer as respiratoriese probleme, kroniese uitputting, hoofpyne, geheue verlies, irritasie van slymvliese en veluitslag dien as ondersteuning van die betekenis van *tsara'at* om skimmels in te sluit.

Melaatsheid soos ons dit vandag ken is nie 'n velsiekte nie, maar 'n siekte van die senuweestelsel. Die *Mycobacterium* val die periferiale senuweestelsel (die senuwees buite die brein en rugmurg) aan en versprei dan na die hande, voete en gesig waar dit verwronging van die vel, die weefsel en die beenstruktuur veroorsaak. Uiteindelik verdwyn die voelsensasie wat tot ernstige beserings kan lei, aangesien 'n melaatse nie kan voel dat hy pyn verduur nie. Melaatsheid word oorgedra deur direkte kontak met melaatses en deur hul respiratoriese uitskeidings (nies, hoes, speeksel).

Melaatsheid is steeds 'n gesondheidsprobleem in verskeie onder-ontwikkelde lande soos in Afrika en in Asië.

In die hernieude verbond vind ons 'n klemverskuiwing ten opsigte van melaatsheid. Meer as in die ou verbond vind ons nou in die hernieude verbond YHVH se begeerte om deur die bediening van Yeshua die melaatses te genees. Yeshua het nie gehuiwer om die melaatses aan te raak nie. Hy het hulle nie verdryf nie, maar hulle met deernis en liefde aangeraak en genees. Op die wyse het Yeshua die begeerte van YHVH bevestig om dit wat skeiding maak tussen YHVH en die mens, naamlik sonde, uit die weg te ruim. Yeshua is die genesing van geestelike melaatsheid!

Die hernieude verbond leer ons ook dat Yeshua volgens Torah gehandel het wat melaatsheid aan betref (Luk. 17:11 tot 19 – genesing van die 10 melaatses. Let op vers 14), maar Hy het die verlange van die Vaderhart van genesing van elke melaatse oorgedra.

Opsommend: Melaatsheid wat in Torah beskryf word moet nie slegs gesien word as melaatsheid soos ons dit vandag ken nie, maar ook as 'n verskeidenheid van siekte toestande wat die vel aantas. *Tsara'at* moet daarom gesien word as 'n toestand van onreinheid en onvolmaaktheid volgens YHVH se standaard. Dit is 'n veltoestand wat ontstaan het as gevolg van sonde, spesifiek weens sonde van die tong, naamlik kwaadspraak (skinder) wat in Hebreeus *l'shon hara* genoem word. Daarom kon 'n persoon wat melaats is (oortrek is met *tsara'at*), nie in YHVH se Heiligdom (die tabernakel) ingaan nie. Melaatsheid (*tsara'at*) in Torah kan gesien

word as YHVH se tugtiging van sy kinders. Dit is ‘n geestelike en fisiese toestand van onreinheid.

Nou dat YHVH se definisie van melaatsheid uitgeklaar is, kan ons gaan kyk na hoe parashot *Tazria* en *Metzora* steeds op ons van toepassing is. Alvorens ons dit egter kan doen, moet ons ook eers verstaan wat YHVH se definisie van rein (Hebreeus: *tahor*) en onrein (Hebreeus: *tamay*) is, asook van heilig (afgesonder, Hebreeus *kadesh*) en onheilig (Hebreeus: *chol*) is.

Bepeins of Bespreek

1. Melaatsheid begin klein en versprei (vermeerder) dan tot dit die hele liggaam besmet. Is dit nie ook hoe sonde begin en vermeerder nie? Vergelyk Jak. 1:13 tot 15. Die melaatse verloor uiteindelik sy vermoë om te kan voel. Is dit nie ook die toestand wat ons bereik indien ons sonde in ons lewe toelaat? Raak ons nie ook naderhand ‘ongevoelig’ vir die stem van die Afgesonderde Gees nie?

2. Sonde is soos ‘n mikrobiese infeksie! Die meeste siektes word deur mikro-organismes (bakterieë, virusse, fungi, ens.) veroorsaak wat die mens se liggaam aanval (infekteer). Indien die natuurlike weerstand (immuniteit) nie die infeksie kan verhoed nie, is siekte die gevolg wat behandeling vereis. Net so kan sonde die mens ‘infekteer’ en ‘n geestelike siektoestand veroorsaak wat later selfs fisies kan manifisteer! Hoe kan ons ons immuniteit teen ‘sonde-infeksie’ verhoog? Is die antwoord Torah-gehoorsaamheid? Verwys Jak. 4:7 – Is onderwerping aan God om Torah-gehoorsaam te wees ons immuniteit?

3. Melaatsheid (*tsara’at*) in Torah kan gesien word as YHVH se tugtiging van sy kinders. Hierdie siekte toestand was die waarskuwing en bevestiging dat Torah oortree was, spesifiek die sonde van *l’shon hara*. Vergelyk Joh. 5:14 in die verband – is siektes en probleme nie soms sonde verwant nie? Hoe word ons onder die hernieude verbond gewaarsku en getugtig? In die verband skryf Natan Lawrence die volgende:

   Next time you have an ailment, a trial, a setback, or some other problem in life, before ascribing its occurrence simply to time and chance, reflect for a moment and consider this: perhaps, you are reaping the consequences for some sin that you have committed? Is there a sin in your life that you have not confessed and for which you have not repented? Is Elohim trying to get your attention? In the case of sickness, it could be as simple as you eating unhealthful foods or unclean meats, not getting enough exercise or enough rest. Or it could be the result of gossip, slander, bitterness, unforgiveness or anger. It could be smoking, excessive alcoholic consumption, sexual promiscuity… or violating some of YHVH’s Torah commands that you know you should be keeping. (*Tazria* – http://www.HoshanaRabbah.org)

   Was *tsara’at* nie dalk ‘n bedekte seën nie? Onthou: YHVH bestraf en tugtig elkeen wat Hy liefhet (Heb. 12:6 en 7; Open. 3:19).

4. Moet daar nie in die lig van bogenoemde herbesin word oor die lering (siening) dat alle siekte van Satan is nie?

Rein en Heilig (Afgesonder)

As vertrekpunt van hierdie week, asook volgende week se *midrash* moet ons ook die volgende vra: Is rein en onrein, asook heilig en onheilig steeds van toepassing in die hernieude verbond en daarom ‘n vereiste vir ‘n leefwyse as geregverdigde in Yeshua Messias?

Die volgende teksverse gee vir ons ‘n duidelike antwoord: Gal. 5:18 tot 21; 1 Thess. 4:7; Jak. 4:8; Titus 1:15 en veral 1 Pet. 1:14 tot 16 waar ons lees:

maar wees afgesonderdes in al julle lewenswyses, soos wat Hy wat julle geroep het, afgesonderd is, omdat daar geskrywe is: “Wees afgesonderd, soos Ek afgesonderd is. (PWL)

Hiervolgens is dit duidelik dat rein en heilig (afgesonder) steeds deel is van die hernieude verbond. Ons moet dus verstaan wat die ou verbond hieroor leer, want dieselfde beginsels sal in die hernieude verbond van toepassing wees!

Ons moet ook onthou dat genade ons nie net red nie, maar ons ook leer (onderrig):

want die Lewegewende onverdiende guns van God, is aan alle mense openbaar en dit lei ons om boosheid en wêreldse begeertes te verwerp en in reinheid, onpartydigheid en opregtheid en in die aanbidding van God in hierdie wêreld te leef, terwyl ons uitkyk vir die geseënde, versekerde verwagting en die openbaring van die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van die grote God en ons Lewegewer, Yeshua, Die Gesalfde Een, wat Homself in ons plek gegee het om ons los te koop uit alle oortredings van die wet en vir Homself ‘n nuwe volk te reinig, wat ywerig is in goeie dade. Titus 2:11 tot 14 – PWL

Genade is nie ons vrypas tot sonde nie, maar verlos ons juis van die heerskappy van sonde. Paulus verduidelik dit in Romeine hoofstukke 6 tot 8 nadat hy in die voorafgaande hoofstukke verduidelik het dat ons alleen deur geloof gered word (regverdig verklaar word).

Parashah 27 en 28 verduidelik wat die heiligheid van YHVH behels en dat slegs diegene wat rein is in Sy teenwoordigheid mag kom.

Wat is die verkil tussen rein (*tahor*) en heilig (*kadosh*)? Dit kan kortliks soos volg verduidelik word. Tydens wedergeboorte word elkeen geroep tot heiligmaking. Dit is om uitgeroep en afgesonder te word (*to be set apart*) om soos YHVH heilig te wees (1 Pet. 1:15 en 16; Lev. 11:44) en volmaak te word (Matt. 5:48). Ten einde heilig te wees moet ons voortdurende rein wees. Heiligmaking is die proses waar ons deur Torah-gehoorsaamheid heilig word en rein bly, maar waar ook voorsiening gemaak word dat indien ons weens sonde onrein (*tamay*) word ons weer gereinig kan word.

Iemand wat weens sonde onrein geword het moet deur ware berou om vergifnis vra. Dit behels belydenis van die oortreding en vereis dikwels ‘n *mikvah* (simboliese wassing, doop). YHWH het niks teen die persoon nie, maar teen dit wat skeiding bring tussen Hom en die mens. Lewe met YHWH mag nie gemeng word met die sonderealm nie.

Die bron (wortel) van onrein (*tamay*) en onheilig (*chol*), met ander woorde van sonde wat ons besmet, word in 1 Joh. 2:15 tot 17 soos volg opgesom:

Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie, want alles wat van die wêreld is, die begeertes van die vleeslike liggaam, die smagtinge van die oë en die arrogansie van die tydelike lewe, is nie uit die Vader nie, maar is vanuit die wêreld. Die wêreld en sy begeertes gaan verby, maar hy wat die wil van God doen, leef voort tot in ewigheid. (PWL)

Daar is dus drie dinge wat ons onrein en onheilig maak, naamlik:

- Die begeerlikheid van die vlees, naamlik die begeerlikhede van die liggaam en die siel en is sekere drange en verslawings wat strydig met Torah is.

- Die begeerlikheid van die oë (begeerlikhede van ons vyf sintuie).

- Die grootsheid van die lewe, naamlik lewenshoogmoed; om te spog en meerderwaardigheid.

Bogenoemde drie is ons grootste vyand en moet oorwin word. Die folterdood van Yeshua, en die gawe van die Afgesonderde Gees, het dit vir ons moontlik gemaak om hierdie 'vyand' te oorwin. Verwys Romeine hoofstuk 6 waar Paulus ondermeer verduidelik dat ons nie meer slawe van die sonde is nie, maar onsself as dood vir die sonde moet beskou.

Hoe oorwin ons hierdie vyand? Die antwoord vind ons in Paulus se brief aan die Galasiërs:

Ek sê: "Leef deur die Gees, dan sal julle nooit deur die begeertes van die menslike natuur gevang word nie, want die menslike natuur begeer die teenoorgestelde as die Gees en die Gees die teenoorgestelde as die menslike natuur. Hulle staan teenoor mekaar sodat julle nie kan doen wat julle wil doen nie, maar as julle deur die Gees gelei word, is julle nie onder die wet nie (Gal. 5:16 tot 18 – PWL)

Let daarop hoe word Gal. 5:18 in die Complete Jewish Bible vertaal:

But if you are led by the Spirit, then you are not in subjection to the system that results from perverting the Torah into legalism.

Lees bogenoemde in die lig van Rom 8:2 om te besef dat ons vry is van die wet van die sonde en die dood!

Bepeins of Bespreek

1. Ons gees word in een oomblik wedergebore, maar ons siel word oor tyd deur Torah-gehoorsaamheid vernuwe sodat ons heilig en volmaak kan wees. Verwys Rom. 12:2. Onthou: Geen baba word as volwassene gebore nie en die einddoel van ons geloof is die redding van ons siel (wil, denke, en emosie)(1 Pet. 1:9)!! Vader wil die beheer oor jou siel ook oorneem en dit is 'n proses van heiligmaking.

Wie mag Staan in YHVH se Heiligdom?

Ons lees in Ps. 24:3 die volgende:

Wie mag klim op die berg van die YHVH? En wie mag staan in sy heilige plek? Ps. 24:3

Torah leer ons dat **slegs** diegene wat rein en heilig is in YHVH se Teenwoordigheid mag staan! Daarom verwag YHVH van Sy priesters om onderskeid te kan maak tussen dit wat rein en dit wat onrein is, en tussen dit wat afgesonder (heilig) en nie afgesonder (onheilig) is nie.

en julle moet onderskeid maak tussen wat heilig en wat onheilig, en tussen wat onrein en wat rein is. Lev 10:10.

Sy priesters verkrag my wet en ontheilig my heilige dinge; tussen heilig en onheilig maak hulle geen onderskeid nie, en die verskil tussen onrein en rein gee hulle nie te kenne nie; daarby maak hulle hul oë toe vir my sabbatte; ja, Ek word onder hulle ontheilig. Eseg. 22:26.

Soos reeds genoem verander sonde die mens se status van rein (*tahor*) na onrein (*tamay*).

Dit is belangrik om ook die volgende ten opsigte van rein en onrein te verstaan, naamlik: In die Skrifte word daar na twee tipes van onrein(-heid) verwys. Hierdie verskil moet duidelik verstaan word.

- Die een tipe onreinheid is permanent en is losstaande van enige ritueel of seremonie. Daarom kan geen handeling, ritueel of seremonie die status van onrein na rein verander nie. Dit is inherente (ge-erfde) onreinheid.

- Die ander tipe onreinheid is nie permanent nie, want dit kan verwyder word deur die gepaste handeling. Dit is ‘n onreinheid wat deur ‘n persoon of voorwerp wat voorheen rein was, verkry (verwerf) word. Daarom kan dit weer verwyder word volgens ‘n bepaalde handeling, seremonie of ritueel. Die status van onrein kan dus in dié geval na rein verander word.

In die boek van Levitikus word beide tipes onreinheid aangespreek. Wanneer Skrifgedeeltes verklaar word moet hierdie onderskeid dus altyd gemaak word.

Hoewel die mens aanvanklike geskape was met ‘n inherente reinheid, het die sondeval veroorsaak dat alle mense se status van rein (*tahor*) verander het na onrein (*tamay*). Ons word almal in sonde ontvang en gebore. Die inherente reinheid van die mens is nou onderliggend tot sy onreinheid. Hierdie toestand van onreinheid word egter deur wedergeboorte verander na reinheid. Wedergeboorte deur geloof in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias verklaar elkeen rein.

MAAR, na wedegeboorte, kan die mens deur sekere handeling, en onder sekere omstandighede, egter weer onrein word. Sonde, naamlik die oortreding van YHVH se onderrig en instruksies (Torah)(1 Joh. 3:4) veroorsaak dat die mens se inherente reinheid nou verwerfde (verkrygde) onreinheid word. Hierdie is egter ‘n toestand van ‘tydelike’ onreinheid, want deur sonde belydenis, en deur die genade van vergifnis in Yeshua, word die persoon wat onrein geword het

weer rein verklaar. Die wedergebore kind van YHVH moet egter die verantwoordelikheid vir sy verwerfde onreinheid aanvaar en sorg dat hy deur die regte handeling (belydenis, vergifnis vra en gehoorsaamheid) weer rein word. In die verband lees ons in 1 Joh. 1:8 tot 10 die volgende:

As ons sou sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die Waarheid is nie in ons nie. As ons ons sondes erken en laat staan, is Hy vertrouenswaardig en regverdig om ons ons sondes te vergewe en Hy sal ons van alle boosheid reinig. As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot leuenaar en is Sy boodskap nie by ons nie (PWL).

Die "tydelike" of verwerfde (verkrygde) onreinheid vereis volgens YHVH se voorskrifte 'n verandering in status alvorens daar weer in YHVH se Teenwoordigheid gekom mag word. Indien 'n persoon of voorwerp wat voorheen rein was, onrein geword het, moet daardie persoon of voorwerp deur bepaalde handeling (seremonie, ritueel) weer gereinig word. Dit is YHVH se vereiste om weer in Sy teenwoordigheid te mag wees. Hierdie reinigingsproses soos ondermeer in Levitikus 14 beskryf word, is 'n heenwysing na, en sinnebeeld van, die reiniging van sonde in Yeshua Messias.

Parashot *Tazria* en *Metzora* is vol voorbeelde van hoe YHVH se kinders onrein kan word. Verwerfde onreinheid kan byvoorbeeld ontstaan deur aanraking van 'n karkas (Lev. 11:24 tot 40; Num. 19:11 tot 17), liggaamsuitskeidings (Lev. 15:2 tot 28) en velaandoeninge (Lev. 13 en 14). Hierdie verwerfde onreinheid kan egter verwyder word deur die voorgeskrewe ritueel / seremonie (Byvoorbeeld: Lev. 11:24 en 25; Lev. 14:1 tot 32; Num. 19:1 tot 19). Hierdie word algemeen as die seremoniële wette beskou en was alles 'n skadubeeld ('n sinnebeeld) van die toekomstige verlossing in Yeshua. Daarom volg ons nie meer die seremoniële wette vir 'n statusverandering van onrein na rein nie, want in Yeshua is dit vervul. MAAR, die beginsels waarvolgens ons as wedergebore kinders van YHVH onrein kan word het nie vernader nie!! Die beginsel waarvolgens ons weer rein kan word het nie verander nie, maar wel die wyse, naamlik soos dit in Yeshua Messias vervul is.

Daarom moet ons steeds kan onderskei tussen dit wat rein en dit wat onrein is, want dit beïnvloed ons verhouding met Vader-God en bepaal of ons YHVH se seëninge deelagtig gaan wees en of ons onder Sy oordeel sal staan. Bill Bullock verduidelik dit soos volg:

'Everything the Holy One labels as tamei, you see, constitutes a portal – a point of contact, or intersection, between the spiritual worlds of good and evil, light and darkness, and life and death. That which is tamei is a "danger zone" – an object, a thing, a place, a condition, or a circumstance where the spiritual dimensions of light and darkness overlap each other, and where spiritual worlds we cannot see with natural eyes bump into each other. How a human being responds/reacts when confronted with such a portal is very important. Depending on how the human being navigates at the point of intersection, the portal that intersection provides ***may*** *lead the human away from the Holy One (the way it did with Chava) – or may bring the human closer than ever to the Holy One (the way the Holy One intended). Did you catch that, Beloved? What our inevitable interactions with the* ***tamei*** *realm are actually intended to be are opportunities to ADVANCE and ENHANCE our spiritual lives and actually deepen our covenant relationship with the Holy One. The Holy One wants us to navigate successfully through the spiritual 'danger zones' of life -- by learning to* ***sh'ma*** *His Voice.*

Die reine (*tahor*) en onreine (*tamei*) en die Heilige (*kadosh*) en die onheilige (*chol*) kan nie gemeenskap hê nie. Afgodery kan nie gemeng word met diens aan YHWH nie**.** Dit is vreemde vuur (Nadab en Abihu; Lev. 10:1). *Tahor* en *Tamei* is YHWH se onderrig en instruksies oor die dinge wat lewe gee en die dinge wat dood veroorsaak. Ons elkeen het die keuse tussen lewe en dood – kies Lewe (Deut. 30:19)!!

Die woord *tamei*, is soos ‘n groot gevaarteken. Enige voorwerp, plek, blootstelling, woorde of omstandighede wat *tamei* is, stel ons bloot aan ‘n area waar die geestelike dimensies van Lig en duisternis oorvleuel en bots. Torah leer ons om met die hulp van die Afgesonderde Gees hierdie situasies te identifiseer en leer ons hoe om op te tree. Ons kennismaking met hierdie situasies moet ons geestelike verryk en ons verbondsverhouding met ons Verbondsvennoot, Vader-God, verdiep.

YHWH wil ons met die hulp van die Afgesonderde Gees leer om veilig deur hierdie gevaargebiede te beweeg. Daarom moet ons leer om YHVH se stem te *sh’ma* (te hoor met die doel om te gehoorsaam). Vir die doel het Vader-God hoofstukke daaraan gewy om ons te leer om:

- Te weet waar daardie gevaarsones in ons lewens is,
- Te weet dat kontak met hierdie areas onafwendbaar is, maar
- Te weet hoe om veilig deur hulle te beweeg sonder om die slagoffer te word.

Gen. 3:1 tot 24 is’n voorbeeld van hoe kontak met die onreine uiteindelik sonde word. Hier is Satan die *tamei*-persoon. Sonde was nie die onmiddellike gevolg van hierdie kontak met *tamei* nie. Indien Eva ge-*sh’ma* het wat YHWH vir haar gesê het, sou sy *tahor* gebly het. *Tamei* is dus nie sinoniem met sonde nie. *Tamei* is daardie gevaarteken dat jy moet versigtig wees. Sy het toegelaat dat Satan haar verlei. Haar fokus het weggeskuif van die oorvloed wat YHWH vir haar en Adam daargestel het, na die begeertes van haar hart. ‘n Mens kan in aanraking kom met die realm van *tamei* en sonder sonde bly sonder om in te gee! Vergelyk ook Jak. 1:13 tot 27.

Permanente Onreinheid

Permanente (inherente) onreinheid, naamlik dit wat nie verkry word weens ‘n bepaalde handeling of onder sekere omstandighede nie, is deel van die ingeskapendheid van sekere diere. Hierdie diere word as onrein deur YHVH verklaar (Lev. 11:2 tot 23). Hulle het nie onrein geword deur bepaalde handeling of onder sekere omstandighede nie, maar hulle is onrein in hulself en dus nie geskik as voedsel vir die mens nie. Daarom is dit ‘n gruwel in die oë van God om onrein diere te eet. Hierdie ingeskapende (toegewysde) onreinheid van sommige diere kan geensins deur enige seremonie of ritueel verwyder word nie. Geen wassing of kookproses of tyd of gebed of enige ander handeling kan die status van hierdie onreinheid na rein verander nie. Dit is permanent en ewig.

Die inherente onreinheid van sekere diere kan nie oorgdra word aan diegene wat in kontak met hulle kom nie. Dit is slegs die karkas (aas) van ‘n dooie dier (‘n rein en onrein dier) wat die persoon wat dit aanraak (in kontak daarmee kom) onrein maak. Dit is ook die eet van onrein diere wat die mens onrein maak.

Die verskil tussen verkrygde (“tydelike”) en permanente (inherente) onreinheid is dus duidelik. Die twee is nie gelykstaande nie. Verkrygde onreinheid is ‘n veranderbare situasie, terwyl permanente onreinheid onveranderbaar is.

Opsommend: Die realm (area) van dood en lewe bestaan uit:

- Die realm van *chol**:*** Alle mensgemaakte en mensbestuurde elemente van ons bestaan hier op aarde wat bots met Torah.

- Die realm van *kadosh:* Alle openbaringe en dinge deur YHWH gegee, ge-orden, bestuur en openbaar wat ons vrye toegang tot Sy genadetroon gee.

- Die realm van *tamei**:*** Alles wat verbind word met, en verwant is aan dit wat skeiding bring tussen YHVH en Sy kinders (volk) en wat uiteindelik geestelike en fisiese dood tot gevolg het.

- Die realm van *tahor:* Alles wat genesing, heling, herstel en lewe voortbring.

Kadosh (heilig) plus *tahor* (rein) is die pad (proses) van heiligmaking en van ‘n lewe van oorvloed in Yeshua waar Satan nie kan steel, moor en verwoes nie! *Kadosh* (heilig) plus *tahor* (rein) is die proses van vernuwing van die gemoed (Rom. 12:2). ‘n Toestand van *tamei* (onrein) wat vertroetel word sal uiteindelik ‘n toestand van *chol* en geestelike dood veroorsaak, naamlik om nie meer YHVH se reddende genade deelagtig te wees nie.

Bepeins of Bespreek

1. Die onrein diere wat in Levitikus 11 en Deuteronomium 14 genoem word, het almal inherente onreinheid en is derhalwe permanent onrein. Dit was van die begin van die skepping af so en sal vir ewig so wees. Selfs Noag het hierdie onderskeid gemaak tussen die diere wat in die ark was (Gen. 7:2 en 8; Gen. 8:20). Nêrens verklaar die Skrifte dat die status van hierdie diere van onrein na rein verander het nie. Vader se voedselvoorskrifte is derhalwe steeds van toepassing op die gelowige in Yeshua. Bevestiging hiervan is ondermeer Jes. 66:17 en Hand. 15:19 tot 21.

2. Lees Jos. 23:6 tot 16 aandagtig en biddend en vra jouself dan die volgende: *Is die rede vir die politieke, ekonomiese en sosiale toestand van ons land, en die wêreld, nie juis omrede ons nie gehoor gegee het aan YHVH se woorde soos deur Josua gespreek is nie?*

If you will let God clean you up on the inside, you will not be long cleaning up the outside – W.B. Dunkum.

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

2 Kon. 4:42 tot 5:19 – Wees nederig voor YHVH

Hierdie week se Haftorah sluit aan by ons parashah in die sin dat dit ‘n les is in die voordele van tugtiging en ons herinner aan Salomo se wyse woord, naamlik: *YHVH tugtig (dissiplineer) hom wat Hy liefhet, ja, soos ‘n vader die seun in wie hy behae het* (Spr. 3:12).

Ons Haftorah herinner ons ook daaraan dat siekte die tugtiging van Vader-God kan wees en dat siekte se oorsprong dus ook weens sonde kan wees. Dit is die les wat ons leer uit die genesing van Naäman se melaatsheid.

Naäman was die leerowerste van die koning van Aram (Sirië). Hy het hoë aansien en rykdom gehad, want deur hom het YHVH aan die Arameërs ‘n oorwinning gegee (2 Kon. 5:1). Naäman was ‘n dapper held, maar sy dapperheid, hoë aansien en rykdom het van hom ‘n hoogmoedige mens gemaak. Hy was egter melaats en was daarom deur mense verstoot en vermy.

En tog het YHVH ‘n hoogmoedige melaatse heiden leerowerste gekies om Sy genade van redding en genesing te betoon. Dit herinner ons aan die woorde van Paulus aan Timotheus dat dit die wil van die Vader is *dat alle mense lewe sal hê, en sal terugkeer na die kennis van die waarheid* (1 Tim. 2:4).

Ons Haftorah Skriflesing leer ons dat Naäman egter eers van al sy hoogmoed ontslae moes raak alvorens hy genesing ontvang het. Hy moes homself eers verneder het alvorens YHVH hom kon verhoog het. Hy moes leer om homself aan die Woord van YHVH soos deur Elisa gespreek is te onderwerp (Jak. 4:10; 1 Pet. 5:6).

Kortliks het die gebeure soos volg verloop:

Die koning van Aram het vir Naäman met ‘n brief, tien talente silwer, ses duisend sikkels goud en tien stel klere na die koning van Israel gestuur (2 Kon. 5:5). By die lees van die brief waarin die genesing van Naäman versoek word, het Israel se koning sy klere geskeur en gesê: *Is ek dan God, om dood en lewend te maak, dat hierdie man na my stuur om van ‘n man sy melaatsheid weg te neem?* (2 Kon. 5:6 en 7).

Maar Elisa, die profeet en man van God, het egter daarvan te hore gekom en gesê om Naäman na hom te bring. Met groot fanfare het Naäman by die huis van Elisa opgedaag, maar Elisa het hom nie die ontvangs gegee wat by ‘n hooggeplaaste se aansien pas nie! Nee, Elisa het slegs vir Naäman ‘n boodskap gestuur en vir hom gesê: *Gaan heen, was jou sewe maal in die Jordaan; dan sal jou vlees terugkeer, en jy sal rein wees* (2 Kon. 5:10)! Hierop was Naäman se verontwaardiging groot en sy hoogmoedigheid baie duidelik, want dit is nie soos hy sy genesing wou ontvang nie.

Na’aman was egter woedend en het weggegaan en gesê: “Let op, ek het gedink: ‘Hy sal sekerlik uitkom om my te sien en staan en die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה*, sy God, aanroep en sy hand oor die plek waai en die melaatsheid genees. Is Abanah en Farpar, die riviere van*

Dammesek, nie beter as al die waters van Yisra'el nie? Kon ek my nie daarin was en rein wees nie?" Hy het omgedraai en in woede weggery. 2 Kon. 5:11 en 12 – PWL.

In sy hoogmoed het Naäman gedink dat die riviere van Damaskus beter as die laagliggende Jordaarivier sou wees. Sy verwagting was dat sy genesing met groot vertoon gepaard sal gaan. Maar die Vader se weë is nie die van die mens nie. Die waters van die Jordaan behoort aan YHVH, want die land Israel is sy eiendom! Hy is die Groot Geneesheer wat die 'behandeling' voorskryf! Die sonde van hoogmoed, naamlik weiering om aan YHVH se opdrag gehoorsaam te wees, het in die pad van Naäman se gensing gestaan.

Die dienaars van Naäman het hom egter daarop gewys dat indien die profeet iets groots van hom sou vra, sou hy dit doen! Waarom dan nie ook die eenvoudige doen soos om homself te verneder deur sewemaal te was in die Jordaan nie? Toe het Naäman *afgeklim en sewe maal in die Jordaan ondergeduik volgens die woord van die man van God, en sy vlees het teruggekeer soos die vlees van 'n jong seun, en hy het rein geword* (2 Kon. 5:14). Naäman is genees nadat hy homself verneder het voor die Woord van YHVH soos deur die profeet Elisa gespreek is. Siekte het Naäman nederigheid geleer!

Hierdie gebeure is bevestiging dat daar gevalle kan wees waar die oorsaak van siekte wel weens sonde is. Bevestiging hiervan vind ons dan ook waar Yeshua die man wat vir 38 jaar aan sy siekte gely het, genees het (Joh. 5:1 tot 15). Toe Yeshua later die man in die tempel teenkom het Hy vir hom gesê: *Kyk, jy het gesond geword; moenie meer sondig nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie* (Joh. 5:14).

Vader-God het 'n weersin in hoogmoed (Spr. 8:13; Spr. 16:18). Hoogmoed is een van die oorsake dat die mens onrein word. Yeshua het dit bevestig toe Hy gesê het:

Wat uit die mens uitgaan, dit maak die mens onrein, want uit die binneste, uit die verstand, wil en emosie van die mens, kom die bose gedagtes: egbreuk, seksuele immoraliteit, diefstal, moord, gierigheid, boosheid, misleiding, onbeheerbaarheid, 'n bose oog (suinigheid), lastering, trots en doellose dinge. Al hierdie booshede kom uit die binneste en maak die mens onrein. Mark. 7:20 tot 21 – PWL.

Ons Haftorah eindig egter nie hier nie! Nee, daar is nog twee belangrike lesse om te leer! Eerstens wou Naäman die geskenke wat oorspronklik vir die koning van Israel bedoel was, aan Elisa gee. Elisa het dit egter geweier, want dit was nie oorspronklik vir hom bestem gewees nie. Die meer belangrike les is egter dat die wonderwerk van genesing het Naäman se oë vir die waarheid oopgemaak. Daarom lees ons dat hy gesê het: *Let op, nou weet ek dat daar geen God op die hele aarde is nie, behalwe in Yisra'el* (2 Kon. 5:15) en ook *laat daar asseblief twee muilvragte grond vir my gegee word, want u dienskneg sal nie langer brandoffers offer, of aan ander gode offer nie, maar net aan* יהוה (2 Kon. 5:17).

Laat ons altyd daaraan herinner word dat wanneer ons in diens van YHVH staan ons slegs materiële seën mag ontvang volgens YHVH se wil en nie volgens ons eie begeertes nie. Dit is die les wat Elisa ons leer! Tweedens moet ons altyd onthou dat 'n wonderwerk uit Vader-God se hand moet 'n lewensveranderende ondervinding wees soos wat met Naäman gebeur het. YHVH

se seën moet ‘n innerlike verandering teweeg bring wat uiterlik sigbaar moet word. YHVH seën ons sodat ons meer gelykvormig aan Yeshua sal word.

Bepeins of Bespreek

1. Hoogmoed is die weiering om aan YHVH se Torah gehoorsaam te wees. Dit is om jouself bokant die Almagtige te stel – die Oppergesaghebber en Wetgewer oor alles en almal. Is dit nie een van die redes hoekom soveel mense nie hulle genesing ontvang nie, ten spyte van hul vele gebede en geloof?

2. Hoeveel hedendaagse profete en geestelike leiers sal so ‘n groot geskenk soos wat Naäman aan Elisa aangebied het weier? Wat het geword van die beginsel van verniet het ek dit ontvang en verniet gee ek dit?

3. Vader-God tugtig die wat Hy liefhet! Laat ons dit in nederigheid aanvaar en laat Heb. 12:4 tot 13 as troos en bemoediging vir ons dien:

Julle het tot nou toe nog nie met bloed weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie en julle het weggedwaal van die lering wat tot julle as seuns praat: “My seun, moenie wegdraai van die vasgestelde pad van יהוה of verslap in jou lewe as jy deur Hom gedissiplineer word nie, want יהוה dissiplineer hom wat Hy liefhet en Hy ontvang hulle met wie Hy tevrede is.” Verduur daarom die dissipline, want God behandel julle as kinders. Watter seun word nie deur sy vader gedissiplineer nie? As julle nie gedissiplineer word, soos elke persoon gedissiplineer word nie, dan is julle vreemdelinge en nie kinders nie. As ons ons vleeslike vaders, wat ons na die menslike liggaam dissiplineer, respekteer; hoeveel te meer is ons nie verskuldig om ons aan ons geestelike Vader te onderwerp nie en ons sal lewe? Want húlle het ons wel ’n kort tydjie, soos hulle wil, gedissiplineer, maar God tot ons voordeel sodat ons kan deel in Sy Afgesonderdheid. Elke dissiplinering, die oomblik wat dit gedoen word, lyk egter nie na ’n saak van blydskap nie, maar van treurigheid, maar later lewer dit vrugte van vrede en van onpartydige opregtheid op, deur dié wat deur Hom afgerig is. Versterk daarom jou hande en versterk die lam knieë en maak reguit paaie vir julle voete[5] *sodat die lede wat kreupel is, nie wegval nie, maar gesond gemaak word.*

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.